



AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER

Leerderaktiwiteite:

1. Lees deur die notas en maak seker jy verstaan dit.
2. Doen nou die aktiwiteite wat daarna volg in jou skryfboek.
3. Nadat jy die aktiwiteite gedoen het, kan jy na die antwoorde kyk.
4. Indien jy enige iets verkeerd het, moet jy weer deur die notas gaan om te verseker jy verstaan dit.
5. Goeie sinsformulering en korrekte spelling is baie belangrik om 'n goeie opstel te skryf. Dit kan jou ook met jou opsommings help.

INHOUD (KONSEPTE EN VAARDIGHEDE)

Voegwoorde kan in drie groepe ingedeel word :

Groep 1

en / maar / want / dog / of / óf óf / nóg nóg

- Geen verandering in die woordorde na die voegwoord.
- Kommas vóór **maar, want en dog** .

Groep 2

**dus / derhalwe / daarom / gevolglik / tog / nogtans / anders
al / nietemin / dan / toe**

- Verandering van die woordorde na die voegwoord .
- Kommapunte voor voegwoorde

Groep 3 :

**dat / omdat / sodat / nadat / voordat / totdat / aangesien / hoewel
/ alhoewel / ofskoon / as / indien / sodra / sedert / mits / tensy /
asof / terwyl / of / toe / wanneer /
hoe hoe**

- Verandering van die woordorde na die voegwoord.
- Geen leestekens nodig nie.
- Kommas kan egter gebruik word voor: **aangesien, alhoewel, ofskoon en tensy**.

Beantwoord die onderstaande aktiwiteite in jou werkboek. Probeer dit eers self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg.

AKTIWITEIT 1

Verbind die onderstaande sinne elke keer met die gegewe voegwoord:

1. Francois het gaan slaap. Marius het gaan flik. (maar)
2. Dit reën nog steeds. Die wind het opgehou waai. (dog)
3. Ons het nie vandag geoefen nie. Ons was te moeg. (want)
4. Jy sal aan 'n sportsoort moet deelneem. Jy sal by 'n klub moet aansluit. (óf óf)
5. Die kind voel siekerig. Sy gaan nie skool toe nie. (dus)
6. Hy het nie baie goed gekolf nie. Hy het baie lopies aangeteken. (tog)
7. Hy het na die rolprent gekyk. Hy hou nie van rillers nie. (al)
8. Jy beter hard leer . Jy sal swak vaar In die eksamen. (anders)
9. Die sanger het baie ryk geword. Sy bewonderaars koop al sy CD's.
10. Hy het sy toets geslaag. Hy het nie juis hard geleer nie. (ofskoon)
11. Jy kan gaan swem . Jou huiswerk is afgehandel. (mits)
12. Ons gaan binnekort met vakansie . Pa kry verlof. (tensy)
13. Hy is doodbang vir slange. Hy is amper deur 'n mamba gebyt. (sedert)
14. Dit voel . Ek kry nie genoeg rus nie. (asof)
15. Jy kan jou inkopies gaan doen. Jou motor se bande word vervang. (terwyl)

[15]

AKTIWITEIT 2

Kies die korrekte spelling tussen hakies in die onderstaande sinne:

- 1 Die gedig waarmee ons in die klas besig is, bevat baie (aliterasie/alliterasie). (1)
- 2 Ek (steen/steun) die Springbokke in die wedstryd. (1)
- 3 Hy (klasifiseer/klassifiseer) homself as 'n atleet. (1)
- 4 Die skoolkonsert begin stiptelik oor 'n (halfuur/half-uur). (1)
- 5 Richard Brandon is 'n wêreldberoemde (entrepreneur/entrepeneur). (1)
- 6 Die seun moet (onmidellik/onmiddellik) na die hoof se kantoor toe gaan. (1)
- 7 My ma lyk baie (maer/maar) na haar nuwe (dieet/dieët). (2)
- 8 As ek genoeg gespaar het, wil ek eendag (London/Londen) toe gaan. (1)
- 9 My suster dien op die nuwe (komitee/kommittee) by ons sool. (1)
- 10 Die skare het (dadellik/dadelik) begin juig toe Stefan geskop het. (1)
- 11 Die All Blacks is oorspronklik van (New-Zeeland/Nieu-Seeland). (1)
- 12 My gunsteling(restaurant/resturant) is die Spur. (1)
- 13 Windhoek is die hoofstad van (Namibieë/Namibië). (1)
- 14 Die (papegaai/pappegaai) is al die kleure van die reënboog. (1)
- 15 Dit is 'n baie intresante/interessante) onderwerp. (1)
- 16 Die rooikop is die (snaaksste/snaakste) seun in die klas. (1)
- 17 Sandra Prinsloo is 'n baie bekende (aktriese/aktrise) in Suid-Afrika. (1)
- 18 My bababoetie is baie opgewonde oor (Kersfees/kersfees). (1)
- 19 Nie 'n enkele persoon op aarde is (folmaak/volmaak) nie. (1)

[20]

Memorandum
Aktiwiteit 1

1. Franncois het gaan slaap , maar Marius het gaan fliiek.
2. Dit reën no steeds , dog die wind het opgehou waai.
3. Ons het nie vandag geoefen nie , want ons was te moeg.
4. Jy sal óf aan 'n sportsoort moet deelneem óf (jy sal) by 'n klub moet aansluit.
5. Die kind voel siekerig ; dus gaan sy nie skool toe nie.
6. Hy het nie baie goed gekolf nie ; tog het hy baie lopies aangeteken.
7. Hy het na die rolprent gekyk, al hou hy nie van rillers nie.
8. Jy beter hard leer; anders sal jy swak vaar in die eksamen.
9. Die sanger het baie ryk geword omdat sy bewonderaars al sy CD's koop.
10. Hy het sy toets geslaag alhoewel hy nie juis hard geleer het nie.
11. Jy kan gaan swem mits jou huiswerk afgehandel is.
12. Ons gaan binnekort met vakansie tensy Pa nie verlof kry nie.
13. Hy is doodbang vir slange sedert hy amper deur 'n mamba gepik is.
14. Dit voel asof ek nie genoeg rus kry nie.
15. Jy kan jou inkopies gaan doen terwyl jou motor se bande vervang word.

[15]

AKTIWITEIT 2

- **Merk al jou woorde en skryf die punt uit 20 neer.**
- **Skryf die korrekte spelling langs die een wat jy verkeerd het.**
- **Leer dan die korrekte spelling.**

- 1 alliterasie
- 2 steun
- 3 klassifiseer
4. halfuur
5. entrepreneur
- 6 onmiddellik
- 7 maer, dieet
- 8 Londen
- 9 komitee
- 10 dadelik
- 11 Nieu-Seeland
- 12 restaurant
- 13 Namibië
- 14 papegaai
- 15 interessante
- 16 snaaksste
- 17 aktrise
- 18 Kersfees
- 19 volmaak

[20]